DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

# DIE JAN H. MARAISPRYS

## OPROEP OM NOMINASIES

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wag nominasies in vir die Jan H. Maraisprys vir 2016.**

**Doel van die Prys:** Erkenning vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans.

**Instellings as ontvangers:** Die Prys is in beginsel vir natuurlike persone bedoel, maar die keurkomitee mag ook besluit om dit aan 'n instelling of vereniging toe te ken wat besonder verdienstelik is om Afrikaans as wetenskapstaal te bevorder.

**Prysgeld:** Die prysgeld beloop **R500 000** en mag in 'n bepaalde jaar tussen meerdere pryswenners verdeel word, soos deur die keurkomitee bepaal.

**Oorhandiging:** Jaarliks op 30 Mei (of so na as moontlik aan dié datum) te Stellenbosch.

**Nie-toekenning:** Dit staan die keurkomitee vry om in 'n bepaalde jaar geen toekenning te maak nie.

**Aanwending van prysgeld:** Na goeddunke van die ontvanger.

**Formaat van nominasies:**

- Die voorstel moet duidelik motiveer waarom die bepaalde kandidaat/instansie vir die Prys voorgestel word. Daar moet ook duidelik aangetoon word watter uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans gelewer is.
- Die nominasie moet deur 'n voorsteller en twee sekondante onderteken wees.
- Die grootste mate van vertroulikheid moet gehandhaaf word. Onder geen omstandighede mag die kandidaat bewus wees dat hy/sy vir die Prys genomineer word nie.
- Die volle name van die kandidaat, asook van die voorsteller en sekondante, landlyn- en selfoonnommers, adresse, e-posadresse moet verskaf word.
- Die voorstel moet gesteun word deur die nuutste curriculum vitae en publikasielys van die kandidaat, indien van toepassing.
- By die toekenning van die Prys is die keurkomitee se besluit finaal. In die geval van 'n nominasie wat nie suksesvol was nie, sal geen korrespondensie of gesprekke na die toekenning gevoer word nie – nie met voorstellers nie en ook nie met kandidate nie.

Aansoeke sluit op Maandag 25 Januarie 2016.
Bekendmaking van die prys: Einde Maart 2016

Skriftelike nominasies vergesel van 'n volledige CV moet per gewone of e-pos of per koerier gerig word aan: Die Hoof Uitvoerende Beampte, Privaat sak X11, Arcadia, Pretoria 0007. Elektroniese nominasies moet gestuur word na e-posadres: akademie@akademie.co.za
Fisiese adres vir aflewering per hand of per koerier: Soutpansbergweg 92, Riviera, Pretoria 0084

Navrae kan gerig word aan die Hoof Uitvoerende Beampte, dr. D. Prinsloo (tel. 086 133 3786 kantoorure)